

NG KERK

OOSTELIKE SINODE

AGENDA

VIR DIE NEGENTIENDE

SINODESITTING



17 tot 18 November 2021

Sekere sessies van hierdie vergadering is 'n geslote byeenkoms van slegs afgevaardigdes van gemeentes.



INHOUDSOPGAWE

WELKOM.....	1
VOORWOORD	3
KAART NA SKUILKRANS	4
WAARDES	5
PROGRAM 2021	6
1. OPENING	11
2. AANLOOP TOT DIE SINODESITTING	16
3. VERSLAG VAN DIE KERKREGDIENSGROEP IN SAKE 'N BESKRYWINGSPUNT VAN DIE KERKRAAD VAN DIE NG KERK BURGERSFORT	17
BYLAAG 1: BESKRYWINGSPUNT VAN DIE KERKRAAD VAN BURGERSFORT	23
BYLAAG 2: VERSOEKE VANAF DIE RINGE	26
BYLAAG 3: BESLUIT OOSTELIKE SINODE 2016 OOR HOMOSEKSUALITEIT	27
BYLAAG 4: BESLUIT ALGEMENE SINODE 2019 OOR SELFDEGESLAGVERBINTENISSE	29
BYLAAG 5: VERKLARING ALGEMENE SINODE MODERAMEN (ASM) OOR DIE 2019 SGV- BESLUIT	32
4. VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE AMPTENAAR RAKENDE DIE GOEDKEURING VAN FAMILIEREËLS 2021.....	37



WELKOM

as afgevaardigde

by hierdie

19^e sitting van die

OOSTELIKE SINODE

Ons kom by die NG Kerk Skuilkrans bymekaar.







VOORWOORD

'n Spierwit agendaboek? Oostelike Sinode is gewoon aan kleurvolle buiteblaaië – maar hierdie keer is dit anders.

Ons vergader tydens 'n pandemie. Talle mense se lewens sal nooit weer dieselfde wees nie. Ons het seergekry. Ons treur steeds. Ons buiteblad wil iets van ons weerloosheid sê...

Dankie dat jy hier is. Dankie vir jou liefde vir die Here en die kerk. Elke afgevaardigde is 'n gewaardeerde deel van die Sinode-familie.

Dis dalk vreemde taal in 'n tyd van sosiale afstand, maar ons moet mekaar hier vashou. Ons gaan dit doen deur ons wedersydse respek *vir* mekaar, ons aanvaarding *van* mekaar en ons diep luister *na* mekaar.


FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR

17 November 2021



KAART NA SKUILKRANS

Hierdie kaart dui aan waar Skuilkrans geleë is. 'n Maklike manier om die terrein te bereik, is om vanaf die N4 Witbank (eMalaheni) snelweg die Watermeyerafrit te neem. Volg die Meyerspark-bord by die Watermeyer-kruising. Die eerste pad na links is Cussonialaan (M16). Neem dan die tweede straat na regs by Jan Albertslaan en parkeer op terrein regs. Geen parkering op kerkerrein. Daar is sekuriteitsbeampies by die parkeerterrein.





WAARDES

- Een: Ons wil voor God leef, soos Jesus Christus ons geleer het.
- Twee: Ons wil besluite neem, wat berus op die Bybel en ons belydenis.
- Drie: Ons wil soos 'n gesonde familie in goeie, liefdevolle verhoudings met mekaar leef.
- Vier: Ons wil sensitief wees vir die veranderende manier, waarop mense die wêreld verstaan en daarin leef.
- Vyf: Ons wil ruimte maak vir God se ryke verskeidenheid van mense en gemeentes.
- Ses: Ons wil met God se liefde uitreik na die nood van die wêreld.
- Sewe: Ons wil groei in verhoudinge met gelowiges van ander kerke.

WERKSAAMHEDE VAN DIE SINODE

Ons Familiereëls Bepaling 31 Werksaamhede van die Sinode

- 31.1 Die Sinode fokus op werksaamhede wat slegs die Sinode kan doen met betrekking tot:
- 31.1.1 predikante en hulle bediening;
 - 31.1.2 die kerkverband (gemeentes, ringe, ander Sinodes, die Algemene Sinode) en ander Kerke;
 - 31.1.3 die breër gemeenskap veral in ons sinodale gebied.
- 31.2 Die Sinode gee leiding, bepaal beleid en skep strukture om hieraan uitvoering te gee.
- 31.3 Elke saak op die tafel van die Sinode word beoordeel volgens die punte hierbo. Indien dit daaraan voldoen, word dit in prioriteitsorde hanteer.

Die Sinode wat Hoor, Dien en Lei



PROGRAM 2021

1. Registrasie

- 1.1 Registrasie vind plaas op **Woensdag 17 November** tussen **07:30 en 09:45**. Daar is duidelike aanwysingsborde na die saal waar die registrasietafels is. Die tafels is gerangskik volgens die name van die gemeentes.
- 1.2 Gemeentes het reeds geloofsbriewe ingedien. Primarius-afgevaardigdes wie se name op die **geloofsbriewe** van die gemeente verskyn, kan registreer. In gevalle waar die primarius nie ter vergadering kan wees nie, kan die sekondus-afgevaardigde registreer.
- 1.3 Gemeentes wie se afvaardiging verander het, moet met 'n **nuwe gewysigde geloofsbrief** van die kerkraad by die Uitvoerende Amptenaar aanmeld vanaf 07:30.
- 1.4 Afgevaardigdes ontvang tydens registrasie **naamkaartjies** wat ook die nommer van die sitplek waar die persoon sit, aandui. Hierdie naamkaartjies moet die hele tyd gedra word: dit gee toegang tot die vergaderlokaal.
- 1.5 **Persone wat ná die formele registrasie-proses opdaag**, moet eers by die **Notulespan** in die Administrasiekamer aanmeld sodat die nodige dokumentasie gedoen kan word. Hulle ontvang dan ook dáár 'n naamkaartjie wat hulle toegang tot die vergaderlokaal verleen.
- 1.6 Afgevaardigdes neem om 09:45 hulle plekke soos toegedeel, in.

2. Welkomswoord om 10:00

- 2.1 Die voorsitter van die Sinodale Diensraad, ds Dirkie van der Spuy, verwelkom afgevaardigdes by die Sinodesitting. Hy doen 'n gebed.
- 2.2 Die voorsitter van die kerkraad van die NG Kerk Skuilkrans, dr Piet Meiring, verwelkom afgevaardigdes by die gemeente.

3. Konstituering

- 3.1 Kennis van die Sinodesitting is formeel aan gemeentes gegee op **13 Oktober 2021**. Die Kerkbode is ook amptelik van die Sinodesitting in kennis gestel op **12 Oktober 2021**.
- 3.2 Die naamlys van afgevaardigdes volgens die geloofsbriewe wat vooraf vanaf kerkrade ontvang is, is in die stukke wat by registrasie aan afgevaardigdes gegee word.
- 3.3 Getal afgevaardigdes volgens die geloofsbriewe wat ontvang is:
- 3.4 Getal afgevaardigdes wat vanoggend geregistreer het:



- 3.5 Ons Reglement bepaal dat twee-derdes van die afgevaardigdes teenwoordig moet wees om te kan konstitueer.
- 3.6 Afgevaardigdes geregistreer as persentasie van die getal afgevaardigdes op ons geloofsbriewe:
- 3.7 Verklaring deur die voorsitter oor die wettige konstituering van die vergadering.
- 3.8 Die volledige gewysigde lys van afgevaardigdes word in die Handeling opgeneem.
- 3.9 Die Sinodale Diensraad het 'n besluit geneem om aan te beveel dat die sessies van die vergadering wat handel oor die SGV2019-besluit van die Algemene Sinode en die beskrywingspunt daarvoor, geslote is. Indien die vergadering die aanbeveling goedkeur, sal slegs die primarius afgevaardigdes van gemeentes (of die sekundus waar die primarius nie teenwoordig is nie) in die vergaderlokaal teenwoordig kan wees. Daar is ook personeel van die Sinodehuis asook personeel van die Notulespan en Diensspan in die vergaderlokaal teenwoordig.
- 3.9.1 **Aanbeveling:** die vergadering keur goed dat – in ooreenstemming met 1.1 van die Reglement van Orde (2021) wat lui "*alle vergaderinge word met oop deure gehou, tensy die vergadering anders besluit*", sekere sessies van hierdie sinodesitting geslote sal wees.
- 3.10 Die Ontwerpspan het geoordeel dat 'n verklaring opgestel word wat aan die einde van die sitting ter inligting vrygestel word. Prof Johan van der Merwe neem leiding met die opstel van die verklaring.

4. Praktiese reëlins vir die vergadering

- 4.1 Die Uitvoerende Amptenaar, Francois Retief, hanteer enkele praktiese sake.
- 4.1.1 Covid19-maatreëls

Ons vergadering vind plaas omdat daar 'n verslapping in die staat se regulasies is. Dit beteken nie dat ons ons waaksaamheid kan verslap nie. Deel van ons getuienis as gelowiges teenoor mekaar, is om vir mekaar verantwoordelikheid te aanvaar. Die volgende reëlins is hieroor belangrik:

- Persone wat deelneem aan hierdie sinodesitting bevestig met hulle deelname dat hulle geen Covid19-simptome het nie en geen risiko vir ander persone inhou nie.
- Afgevaardigdes, personeel en besoekers wat enigsins simptome ontwikkel wat met Covid19 verband mag hou, word gevra om nie deel van die vergadering te wees nie.
- Kontakbesonderhede van hospitale, dokters, paramedici en ander mediese personeel is by die Sinodehuis se personeel in die Notulekamer beskikbaar.
- Elke afgevaardigde ontvang 'n koevert-sakkie met onder andere ook saniteerder daarin.



- Ons dra maskers.
- Ons etes en ander verversings is vooraf verpak. Ons neem dit in die saal en eet buitekant. Alle verpakkingsmateriaal word hersirkuleer deur die gemeente se herwinningsprogram.
- Badkamers word deurentyd skoongemaak.

4.1.2 Mikrofone

Slegs een mikrofoon word voor in die kerkgebou opgestel. Deelnemers aan die gesprekke wag in die voorste bank om deur die voorsitter na die mikrofoon geroep te word. Die mikrofoon word deurentyd gesaniteer om die veiligheid van almal te verseker.

4.1.3 Sitplekreëlins

Oostelike Sinode is gewoon daaraan om rondom tafels te vergader. Vanweë die pandemie is dit nie hierdie keer moontlik nie. Elke afgevaardigde het 'n sitpleknommer ontvang. Ons poog om sodoende 'n veilige afstand tussen mense te verseker.

4.1.4 Dagprogram

WOENSDAG 17 NOVEMBER

10:00 Welkom, konstituering en praktiese reëlins van die Uitvoerende Amptenaar

10:45 Openingsboodskap: Dirkie van der Spuy

11:15 Die konteks van ons lidmate, leraars, gemeentes en gemeenskappe – 'n liturgie

12:30 In Memoriam

13:00 Middage

13:45 **Sakelys**

Verslag van die Kerkregdiensgroep oor die skrywes vanaf die Ringe van Witbank en Lydenburg asook die beskrywingspunt vanaf die kerkraad van Burgersfort.

15:30 Koffietyd

16:00 **Sakelys**

Verslag van die Kerkregdiensgroep (vervolg)

18:00 Afsluiting

**DONDERDAG 18 NOVEMBER**

09:00 Wydingsgeleentheid

09:30 **Sakelys**

Onafgehandelde sake vanaf die vorige dag

10:30 Teetyd

11:00 **Sakelys**

Familiereëls 2021

12:00 "met die oog op 'n tyd soos hierdie..." Francois Retief

13:00 Middagete

Vertrek

4.1.5 Spreekbeurt – Familiereëls 2021 se Reglement 1.5.8 lui: "Die voorsteller het 5 minute om sy/haar saak te stel, terwyl alle ander sprekers 3 minute geleentheid het om aan die bespreking deel te neem. Aan die einde het die voorsteller 3 minute geleentheid vir repliek.

4.1.6 Stemtel-reëlings

Die afgevaardigde aan die regterkant van elke ry in die verskillende blokke help met die reëlings tydens 'n stemming. Ons noem hulle die *ry-leiers*.

Afgevaardigdes het reeds in die plastiek-koevert 'n koevert met gekleurde stembriewe ontvang. Die voorsitter reël watter kleur gebruik word – en afgevaardigdes stem Ja of Nee. Nadat daar gestem is, neem die ry-leier die stembriefies in en teken die totale aantal stembriewe aan op die koevert wat deur die Diensspan aan hom/haar gegee is. Die Sinode se Bedryfsbestuurder, Cathy Odendaal, bestuur die tel van stemme saam met die Sinode se boekhouer, Neels Nothnagel, en die Diensspan. Die totale word gekontroleer met die aantal afgevaardigdes teenwoordig. Die uitslag van die stemming word skriftelik aan die Uitvoerende Amptenaar besorg om dan deur die voorsitter bekendgemaak te word.

Indien die voorsitter oordeel dat dit vanpas sal wees, kan daar ook per geleentheid met die verskillende kleurkaarte gestem word. Ook hierdie rooi en groen kaarte is reeds in die plastiek-koevert van alle afgevaardigdes.

5. Die voorsitter hanteer die sakelys van die vergadering.





1. OPENING

1.1 OPENINGSBOODSKAP: Ds Dirkie van der Spuy, voorsitter van die Sinodale Diensraad

1.2 DIE KONTEKS VAN ONS LIDMATE, LERAARS, GEMEENTES EN GEMEENSAPPE – 'N LITURGIE

1.3 IN MEMORIAM

Ons eer die Here vir hierdie kollegas wat as leraars in Oostelike Sinode geëmeriteer het. Die Here gee die vrug op hulle werk...

Christiaan Jacobus (Chris) Benadé

Chris word gelegitimeer in 1972 na sy studie aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1973 Middelburg (Transvaal);
1978 Hendrina en 1980 Kragveld.

Chris emeriteer by Kragveld in 1994.



11 Februarie 1938 – 5 Junie 2020

Hendrik Jacobus (Hennie) Brandt

Hennie voltooi sy studie aan die Universiteit van Pretoria en word in 1961 gelegitimeer.

Gemeentes: 1962 Roodepoort; 1964 Ontdekkers-Noord;
1969 Umtali; 1974 Bultfontein en 1978 Middelburg-Suid.

Hy emeriteer in 1994 by Middelburg-Suid.



9 April 1930 – 14 Julie 2021

Jacobus Gabriël (Koos) Burger

Koos word in 1970 gelegitimeer na sy studies aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1971 Edenvale; 1975 Henneman-Oos;
1980 Heilbron; 1986 Garsfonteinpark en 1988 Pretoria-Faerie Glen.

Koos emeriteer in 2010 by Pretoria- Faerie Glen.



5 Januarie 1945 – 12 Junie 2021



Gabriël Bartholomeus Jacobus (Gawie) Conradie

Gawie word in 1960 gelegitimeer na sy studies aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1961 Waterval-Boven, 1964 Derdepoort, 1970 Zeerust, 1972 NGKA Letaba, 1976 Olifantsfontein, 1981 Middelburg, 1982 Middelburg-Wes.

Hy emeriteer by Middelburg-Wes in 1992.



8 Julie 1934 – 18 September 2018

Daniël André (André) Deacon

André word gelegitimeer in 1957 na sy studies aan die Hugenote Sendinginstituut.

Gemeentes: NGKA 1958 Wakkerstroom, 1962 Biesjesvlei, 1965 Warmbad, 1969 Alkmaar, 1977 Witbank-Suid.

Hy emeriteer in 1993 by Witbank-Suid.



6 Oktober 1932 – 10 Augustus 2020

Matthys Johannes (Thys) le Roux

Thys se legitimasie vind plaas in 1953 na studies aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1954 Randfontein, 1958 Randfontein-Wes, 1962 Klipriviersberg (Johannesburg), 1969 Boksburg-Noord, 1973 Charl Cilliers, 1976 Ermelo-Oos en 1977 Camden.

Thys emeriteer in 1988 by Camden.




24 Februarie 1925 – 28 Mei 2020

Petrus Albertus (Petrus) Loots

Petrus se legitimasie is in 1956 in Stellenbosch.

Gemeentes: 1957 Garies, 1959 Gamkavallei. 1964 Kensington, 1967 Middelburg (Kaap), 1972 Parow-Sentraal, 1983 Silverton.

Petrus emeriteer in 1994 by Silverton.



22 Maart 1932 - 27 Julie 2021



Hercules Frederik (Frikkie) Olivier

Frikkie word in 1985 gelegitimeer aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1986 Presidentsoord, 1994 Hendrina, 2009 Gravelotte

Hy emeriteer in 2014 by Gravelotte.




27 Oktober 1956 – 27 April 2018

Jan Adriaan (Riaan) Pienaar

Hy word in 1990 na sy studie aan die Universiteit van Pretoria gelegitimeer.

Gemeentes: 1991 Verwoerdburgstad (nou kerksondermure)

Riaan emeriteer in 2012 by kerksondermure.



15 Desember 1956 – 6 Julie 2021

Gert Hendrikus (Gert) Reinecke

Gert word gelegitimeer in 1961 na sy studies aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1962 Kemptonpark-Noord, 1967 Sesmylspruit, 1972 Klerksdorp-Oos, 1976 Skuilkrans en 1985 Pierre van Ryneveld.

Hy emeriteer in 1998 by Pierre van Ryneveld+



22 Oktober 1937 – 6 Januarie 2021

Andries Quintus (Quintus) Smit

Quintus word gelegitimeer in 1982 na sy studie aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1984 Mondeor SAP Kapelaan, 1989 Groblersdal, 1996 Silvertonkruin.

Quintus emeriteer in 2003.



5 Januarie 1957 – 31 Augustus 2020



Hendrik Johannes Morkel (Morkel) Smuts

Hy word in 1976 in Stellenbosch gelegitimeer.

Gemeentes: 1977 Pietersburg-Noord, 1982 Lyttelton-Oos.

Morkel emeriteer in 1989



15 Desember 1924 - 11 Junie 2019

Andries Johannes Nicolaas (Andries) van Heerden

Andries se legitimasie is in 1957 in Stellenbosch.

Gemeentes: 1958 Witrivier Sending, 1960 Mtubatuba, 1965 Victoria-Wes, 1969 Rietkuil, 1974 Pietpotgietersrus, 1978 Ermelo-Oos, 1981 PSD Oos-Tvl Diens van Barmhartigheid

Andries emeriteer in 1989.



12 Desember 1930- 11 Desember 2020

Johan Nicolaas (Johan) van Vuren

Johan word in 1957 gelegitimeer.

Gemeentes: 1958 Elim, 1960 Germiston, 1962 Kroonstad-Wes, 1966 Vanderbijlpark-Noord, 1972 Lyttelton-Noord, 1993 Zonderwater

Johan emeriteer in 1993.



21 Augustus 1931 – 3 Mei 2018

André (André) Venter

Hy word in 1986 gelegitimeer na sy studie aan die Universiteit van Pretoria.

Gemeentes: 1987 Doornkloof.

André emeriteer in 2010 by Doornkloof.



2 Mei 1945 – 7 Julie 2021



Pieter Gerhardus (Pieter) von Wielligh

Hy word in 1984 gelegitimeer in Pretoria.

Gemeentes: 1985 Molopo; 1989 Middelburg

Pieter emeriteer in 1995.



16 Maart 1940 – 14 April 2019



2. AANLOOP TOT DIE SINODESITTING

Die volgende inligting word gegee as agtergrond tot die Sinodesitting:

- 2.1 Oostelike Sinode het tydens die 2016 Sinodesitting 'n besluit oor homoseksualiteit geneem. **[Bylaag 1]**
- 2.2 Tydens die Algemene Sinode se 2019 vergadering (6 - 11 Oktober 2019) is 'n besluit oor Selfdegeslagverbintenis geneem. **[Bylaag 2]**
- 2.3 Op 22 Oktober 2019 het die kerkraad van Burgersfort 'n beskrywingspunt oor die Algemene Sinode se besluit na die Sinodale Diensraad gestuur.
- 2.4 Tydens die vergadering van die Algemene Sinode se Moderamen (ASM) op 11 – 13 November 2019 het die ASM 'n verklaring uitgereik wat saam met die 2019-besluit van die Algemene Sinode gelees moet word. **[Bylaag 3]**
- 2.5 Op 26 November 2019 het die Ring van Witbank 'n formele versoek gerig vir die hou van 'n Buitengewone Sinodesitting.
- 2.6 Op 29 November 2019 het die Ring van Lydenburg ook 'n versoek vir 'n Buitengewone Sinodesitting gerig.
- 2.7 Op advies van ons Kerkregdiensgroep het die Sinodale Diensraad op 21 Januarie 2020 besluit om 'n Buitengewone Sinodesitting te hou.
- 2.8 Op advies van ons Kerkregdiensgroep het die Sinodale Diensraad besluit dat die beskrywingspunt van Burgersfort ook by die Buitengewone Sinodesitting hanteer moet word. Lede van die kerkraad van Burgersfort het die Kerkregdiensgroep ontmoet om persoonlik hulle standpunte te stel.
- 2.9 Die Buitengewone Sinodesitting kon nie realiseer nie as gevolg van die Covid19-pandemie. So ook kon ons geskeduleerde sitting vir Oktober 2020 nie plaasvind nie.
- 2.10 Die Sinodale Diensraad het op **11 Oktober 2021** 'n elektroniese vergadering gehou en besluit dat die regulasies nou sodanig is dat ons 'n sinodesitting op 17 en 18 November 2021 kan aanbied.



3. VERSLAG VAN DIE KERKREGDIENSGROEP IN SAKE 'N BESKRYWINGSPUNT VAN DIE KERKRAAD VAN DIE NG KERK BURGERSFORT

Dit is die taak van die Kerkregdiensgroep om hierdie verslag te lewer *sodat ons daardeur die kerk van Jesus Christus in Oostelike Sinode die beste dien.*

Die Kerkregdiensgroep het die beskrywingspunt van die kerkraad van Burgersfort ontvang; ons het volgens ons Familiereëls gehandel en die kerkraad van Burgersfort ontmoet en bespreek. Ons het die kerkraad volgens die familiewaardes van ons Sinode ontmoet en stel hierdie verslag ook binne hierdie gees op. Die Beskrywingspunt is ontvanklik (**Familiereëls Oostelike Sinode, 2021, Reglement 1.5.11.12.3.**).

Ons bied die verslag van die Kerkregdiensgroep kragtens die *Kerkorde* en die *Familiereëls* aan sodat die Sinode *ingeligte en weldeurdagte* besluite kan neem (**Ned. Geref. Kerk Kerkorde, 2019, Reglement 4.4.12; 4.7.1; 4.8.4 en 8.3.1.7; Familiereëls Oostelike Sinode, 2021, Reglement 1.5.12.4. en 1.5.12.5.**). U as Sinode se taak is om hierdie verslag van die Kerkregdiensgroep deeglik te oorweeg. U sou die verslag kon wysig indien u so goeddink (**Familiereëls Oostelike Sinode, 2021, Reglement 1.5.12.6.**). Die vergadering sal ook genoegsame tyd gegun word om aan die Kerkregdiensgroep vrae te vra indien u onseker oor sekere kerkregtelike implikasies wat die beskrywingspunt aanraak, is.

Ter wille van deursigtigheid word die oorspronklike beskrywingspunt van die kerkraad van Burgersfort gemeente ook in die agenda van hierdie Sinode opgeneem (**Familiereëls Oostelike Sinode, 2021, Reglement 1.5.12.6.**). Ter wille van inligting is ander dokumente soos die 2019 Algemene Sinode besluit oor Selfdegeslagverhoudinge en die Interpretasie van die Algemene Taakspan Regte oor hierdie besluit is ook deel van hierdie agenda.

Ter wille van die sinvolheid van die familiegesprek, het die Kerkregdiensgroep van die volgorde van die sake wat die kerkraad op die tafel geplaas het, geskuif. Punt 2 van Burgersfort se beskrywingspunt word geplaas om eerste te bespreek.

1. **Aanbeveling van Burgersfort se beskrywingspunt: Die Sinode besluit**

Dat die Algemene Sinode 2019 se besluit oor Selfdegeslagverbintenisse 'n fundamentele Teologiese skuif weg van die leer van die NG Kerk maak het en daarmee die NG. Kerk onherroeplik in twee geskeur het op grond van Skrifgesag, Skrifinterpretasie, Hermeneutiek en die Teologie van die kerk.

Die voorsitter neem 'n saak wat op meer as een plek in die agenda voorkom op advies van die Uitvoerende Amptenaar / Skriba op die mees sinvolle plek in behandeling, en indien enigsins moontlik, handel dit daar af (*Kerkorde 2019, Reglement van Orde 3.3.3 en 3.3.6; Familiereëls Oostelike Sinode 2021, Reglement 1.5.4. en 1.5.5.*).

Hierdie punt kom op meer as een plek in die agenda voor omdat dit oor die 2019-



selfdegeslagverbintenisbesluit van die Algemene Sinode handel. Dit is oor die 2019-selfdegeslagverbintenis besluit van die Algemene Sinode dat twee **ringe** (Ring van Lydenburg die Ring van Witbank) in 2019 'n buitengewone sinodesitting aangevra het, en dit is die inleidende sin waarmee Burgersfort hierdie aanbeveling begin.

Burgersfort spieël onsekerheid oor die 2019-Algemene Sinode se besluit, en stel dat die gevolg daarvan “**onherroeplike skeuring**” in die NG Kerk gebring het. Dit is dus die gevolg van die 2019 besluit. Burgersfort gee egter die motivering waarom die 2019-Algemene Sinode besluit tot verwarring en konflik in die kerk gebring het: *'n skuif in Skrifgesag, Skrifinterpretasie, Hermeneutiek en die Teologie van die kerk weg van die oorspronklike posisie van die Kerk.*

Hierdie beskrywingspunt vorm daarom die hart of kern van die probleem. Dit beskryf die oorsaak van die spanning in die Ned.Geref. Kerk. soos dit nou daar uitsien. Hierdie **aanbeveling** plaas die Selfdegeslagverbintenis direk aan die orde.

Aanbeveling deur Kerkregdiensgroep

- 1.1. **Die Sinode hanteer bogenoemde punt as 'n voorstel, en klaar met mekaar uit waar sy staan ten opsigte van Skrifgesag, Skrifinterpretasie en Hermeneutiek.**
- 1.2. **Die Sinode stem oor die voorstel van Burgersfort.**

2. BEVESTIGING van Burgersfort se beskrywingspunt:

Die besluit van 2016 dat “slegs die huweliksverbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word” en dat “seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele huweliksverbintenis/verhouding nie aan Christelike huweliksriglyne voldoen nie.” (Handelinge van Oostelike Sinode – 26 Okt. 2016 – § 33.5.3)

Kerkregtelik word kennis geneem dat Oostelike Sinode se Selfdegeslagverbintenisbesluit die van 2016 is. *Die is die **sambreelbesluit**.* Die *Familiereëls* bepaal dat die **Christelike huwelik 'n verbintenis tussen een man en een vrou is (Familiereëls Oostelike Sinode 2021, Bepaling 44).**

Die Algemene Sinode van 2019 se punte 8 en 9 *maak ruimte dat Streeksinodes en kerkrade ander besluite* as die Algemene Sinode inneem. Die besluit lees:

8. Die Algemene Sinode erken dat daar:

8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenis tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,

8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenis tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

9. Die Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig.

Die Algemene Sinode is 'n Sinode van sinodes, en wat vir gemeentes geld, geld ook binne kerkverband vir streeksinodes. Daarom het die Algemene Taakspan Regte in die interpretasie van bogenoemde advies aan die Algemene Sinodale Moderatuur gegee. Hierdie besluit is deur die Algemene Taakspan Regte se advies aan die Algemene Sinodale



Moderatuur bevestig (vgl. die Agenda van die Sinode), *wat gelei het tot die brief van die Algemene Sinodale Moderatuur aan Goudland Sinode* (vgl. die Agenda van die sinode). Hierin word erkenning gegee dat Goudland Sinode 'n eie standpunt ten opsigte van Selfdegeslagverbinde kan inneem. Dit geld dus ook vir Oostelike Sinode. **Die Algemene Taakspan Regte het die volgende uitgewys:**

Sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 het die Kerkorde bepaal dat:

1. Die samestellende kerke/sinodes nooit hulle selfstandigheid prysgee in die vorming van 'n algemene sinodale verband nie. Dit beteken dat die samestellende sinodes selfstandige regsentiteite bly (vergelyk **Artikel 36** asook **Reglement 24** oor kerklike goedere van die **Kerkorde van die NG Kerk, 2019**).
2. Hierdie selfstandigheid word nog verder versterk deur **Artikel 35** waarvolgens samestellende sinodes die mandaat het om, met inagneming van bepaalde voorwaardes die betrokke Sinode se belydenisgrondslag uit te brei (vergelyk **Artikel 35.7** goedere van die **Kerkorde van die NG Kerk, 2019**).
3. Verder word die taak en funksie van die Algemene Sinode gedefinieer in **Artikel 43** asook in **Reglement 1** van die **Kerkorde van die NG Kerk, 2019**. Daarom moet alle besluite aan die hand van veral **Artikel 43.1.1 en 43.1.4** asook **Reglement 1 punt 2.4** van die **Kerkorde van die NG Kerk, 2019** geïnterpreteer word.
... dit wat uitdrukking gee aan die kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;... Artikel 43.1.1 van die Kerkorde van die NG Kerk, 2019.
... die viering van die kerk se onderlinge verbondenheid, eenheid en diversiteit;... Artikel 43.1.4 van die Kerkorde van die NG Kerk, 2019.
... Die Algemene Sinode is nie 'n voorskriftelike Sinode nie. Reglement 1.2.4 van die Kerkorde van die NG Kerk, 2019.

Interpretasie van die Algemene Sinode 2019 se besluite oor Selfdegeslagverhoudinge:

*In die lig van bogenoemde **staan dit dus sinodes vry om hul eie besluite hieroor te neem, onderhewig aan die voorwaarde dat kerkrade en predikante nie gedwing kan word om teen hulle gewete op te tree nie** (vergelyk punt 5, 8 en 9 van die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor Selfdegeslagverhoudinge.*

Aanbeveling van die Kerkregdiensgroep

- 2.1. Die Sinode herbevestig die besluit van Oostelike Sinode van 2016.
- 2.2. Die Sinode stem oor die voorstel van die beskrywingspunt van Burgersfort.

3. Aanbeveling van Burgersfort se beskrywingspunt: Die Sinode besluit

Om aan gemeentes wat hulle nie langer tuis voel in Oostelike Sinode nie, die vryheid te gee om by 'n ander Sinode in te skakel waar hulle hulself tuis voel en dus so steeds binne die verband met die Algemene Sinode te bly.



Kerkregtelik is hierdie prosedure moontlik. Dit is 'n reëling tussen die gemeente, Sinodale Diensraad, verskillende Sinodale Diensrade en die Algemene Sinode. Kerkregtelik is dit moontlik vir gemeentes om by 'n ander Sinodes in te skakel. Dit word kerkordelik gereël. Dit word volgens **Artikels 32** van die *Kerkorde* van 2019 gedoen. Dit lees:

*Die Sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode / Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke Sinode (s)/sinodale kommissie(s) (Kerkorde Ned. Geref. Kerk 2019, **Artikel 32**).*

Ringe sou ook kon hergroepeer:

*As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Hierdie groeperinge van gemeentes word van tyd tot tyd deur die Sinode gedoen. Die ringe vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke Sinode bepaal – (Kerkorde Ned. Geref. Kerk 2019, **Artikel 29**).*

Oostelike Sinode sal dus met ander sinodes ooreenkom watter gemeentes wat daarvoor sou vra, by daardie Sinode (-s) / kerk (-e) wil inskakel, en watter gemeentes by Oostelike Sinode wil inskakel.

Die Sinode sou die gees waarmee die aanbeveling gemaak word kan steun, want dit is bloot 'n kerkregtelike reëling tussen twee streeksinodes (*Dit kan op enige van die groeperinge ten opsigte van die Skriftuurlikheid van selfdegeslagverbintnisse, neerkom*). Daar sal 'n gesprek tussen die gemeente en die ring (-e) en die Sinodale Diensraad eers plaasvind alvorens so 'n drastiese stap plaasvind.

Aanbeveling van die Kerkregdiensgroep

- 3.1. **Die Sinode neem kennis dat daar reeds ruimte vir daardie kerkrade wat hulself nie langer in Oostelike Sinode tuisvoel nie, om volgens die nodige kerkordelike weë by sinodes van hulle keuses in te skakel.**
- 3.2. **Die Sinode neem kennis dat daar reeds ruimte is vir daardie kerkrade wat hulself by Oostelike Sinode tuisvoel, om volgens die nodige kerkordelike weë by in te skakel.**

4. Aanbeveling van Burgersfort se beskrywingspunt: Die Sinode besluit

Om uit die verband met die Algemene Sinode te tree.



Kerkregtelik is hierdie prosedure moontlik. Die Kerkorde is die konstitusie van die Ned. Geref. Kerk. Al die **Artikels** van die Ned. Geref. Kerk, wat as voorwaarde vir die toetrede tot die Algemene Sinode in 1962 op ooreengekom is, is in die *Kerkorde* opgeneem en geld steeds.

Dit is die artikel wat die samestellende of toetredende kerke of sinodes se onafhanklikheid wat hulle voor toetrede tot die Algemene Sinodale verband gehad het, waarborg en beskerm:

“Die samestellende kerke of sinodes behou volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ensovoorts, wat hulle voor toetrede tot die algemene sinodale verband gehad het of daarna verwerf het, behalwe die wat volgens die Kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word” **Ned. Geref. Kerk, 2019, Artikel 36**

Dit is die artikel wat die samestellende of toetredende kerke die ruimte gee om weer uit die Algemene Sinode verband te tree:

“Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig”. **Ned. Geref. Kerk, 2019, Artikel 37**

Volgens die kerkreg is die toepassing van **Artikel 37** indien Oostelike Sinode uit Algemene Sinode sou wou tree, dus 'n moontlikheid. Kerkregtelik sou dit beteken dat Oostelike Sinode nie meer deel van die Algemene Sinode is nie, maar steeds 'n Nederduitse Gereformeerde Kerk soos die kerkverband voor 1962 was.

Aanbeveling van die Kerkregdiensgroep

4.1. Die Sinode stem oor die voorstel van die beskrywingspunt van Burgersfort.

5. Aanbeveling van Burgersfort se beskrywingspunt: Die Sinode besluit

Dat indien die meerderheid gemeentes van Oostelike Sinode nie hul weg oopsien om uit die Algemene Sinode te tree nie, gemeentes wat nie langer deel van die Algemene Sinode kan wees nie, met leiding bedien sal word oor wyses waarop hulle wel uit verband met die Algemene Sinode kan tree.

Daar bestaan nie tans so 'n kerkregtelike opsie nie. Dit beteken nie daar kan nie in die toekoms so 'n opsie geskep word nie. Daar is reeds binne die Algemene Sinode verband sulke prosesse aan die gang.

Dit is nie vreemd in Kerke dat verskillende Kerke verskillende modaliteite huisves nie. So huisves die **Rooms Katolieke Kerk** verskillende Ordes. Die **Anglikaanse Kerk** huisves die **“hoë-kerk (high church)”** en die **“lae-kerk” (low church)**. Die **Protestantse Kerke in Nederland (PKN)** huisves weer drie verskillende Kerke naamlik die *Gereformeerde Kerke in Nederland*, die *Nederlandse Hervormde Kerk* en die *Evangelies Lutherse Kerk*.



3. Verslag van die Kerkregdiensgroep

Dit sou dus moontlik wees, as die goeie wil daar is, om kerkregtelik ruimte te maak vir 'n oënskynlike groep minderheid lidmate om op hierdie manier binne kerkverband te bly.

Kerkregtelik sou Oostelike Sinode 'n **tydelike taakspan** kon aanwys om aan so 'n versoek aandag te gee, met verslag by 'n volgende Sinode.

5.1 Aanbeveling van die Kerkregdiensgroep

Die Sinode stem oor die voorstel van die beskrywingspunt van Burgersfort..



BYLAAG 1: BESKRYWINGSPUNT VAN DIE KERKRAAD VAN BURGERSFORT

UITTREDE UIT DIE ALGEMENE SINODE VERBAND

Die Sinode bevestig:

1. die besluit van 2016 dat "slegs die huweliksverbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word" en dat "seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele huweliksverbintenis/verhouding nie aan Christelike huweliksriglyne voldoen nie." (Handelinge van Oostelike Sinode – 26 Okt 2016 – § 33.5.3)

Die Sinode besluit:

2. dat die Algemene Sinode 2019 se besluit oor Selfdegeslagverbintnisse 'n fundamentele Teologiese skuif weg van die leer van die NG Kerk gemaak het en daarmee die NG Kerk onherroeplik in twee geskeur het op grond van Skrifgesag, Skrifinterpretasie, Hermeneutiek en die Teologie van die kerk.
3. om uit die verband met die Algemene Sinode te tree.
4. om aan gemeentes wat hulle nie langer tuis voel in Oostelike Sinode nie, die vryheid te gee om by 'n ander Sinode in te skakel waar hulle hulself tuis voel en dus so steeds binne die verband met die Algemene Sinode te bly.
5. dat indien die meerderheid gemeentes van Oostelike Sinode nie hul weg oopsien om uit die Algemene Sinode te tree nie, gemeentes wat nie langer deel van die Algemene Sinode kan wees nie, met leiding bedien sal word oor wyses waarop hulle wel uit verband met die Algemene Sinode kan tree.

Bepaling/Sinodebesluit waarna verwys word: Die besluit van die Algemene Sinode van 2019 ten opsigte van Selfdegeslagverbintnisse.

Motivering

Die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk. maak ruimte dat indien sinodes wat tot die Algemene Sinodale kerkverband toegetree het, hulle op grond van die Woord en voor God daartoe kan regverdig, so 'n Sinode uit die verband met die Algemene Sinode kan tree. Dit lees: *"Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig."* **Artikel 37 van die Familiereëls 2016.**

Tydens so 'n Buitengewone Oostelike Sinodesitting sal 'n volle en deeglike motivering gegee word. Ter wille hiervan die volgende: Die verskille ten opsigte van besluite oor Selfdegeslagverbintnisse is net 'n simptoem van 'n baie dieper saak wat eintlik gaan oor hoe die kerk die Skrif verstaan en interpreteer en hoe die kerk die Bybel as God se Gees-geïnspireerde Woord lees. Oor jare het sekere teoloë en predikante 'n nuwe teologiese rigting ingeslaan wat veral daarin gesetel is dat die Skrif nie meer as God se Woord gelees word nie maar as 'n boek wat deur die lens van moderne



wetenskap herinterpreteer moet word. Die besluit het 'n opstand onder gemeentes en lidmate in die kerk veroorsaak wat nie maar net geïgnoreer kan word nie. Die kerk lei oneindig skade in terme van ons integriteit as kerk van die Woord en dit vra dat Oostelike Sinode oor hierdie saak praat, en hieroor 'n besluit neem.

Ds JPT Koen (Voorsitter)
(Namens die Kerkraad van Burgersfort NG Gemeente)
22 Oktober 2019

Ter inligting:

HANTERING VAN BESKRYWINGSPUNTE

Reeds in 1991 het die Sinode van Oos-Transvaal die werkswyse van ons Sinode ten opsigte van die hantering van beskrywingspunte vasgelê.

'n Beskrywingspunt "word deur die Sinodale Diensraad ontvang, na 'n bepaalde bediening verwys om daarvoor 'n aanbeveling aan die Sinode te maak." Sinode van Oos-Transvaal 1991, bladsye 54 en 300.

Familieëls 2021 Reglement 1.5.11.12 lui as volg:

- 5.11.12.1 'n Kerkvergadering stel 'n beskrywingspunt op en stuur dit na die Sinodale Diensraad.
- 5.11.12.2 Die Sinodale Diensraad ontvang die Beskrywingspunt en die Uitvoerende Amptenaar verwys dit na die toepaslike Taakspan/Diensgroep op wie se terrein die saak lê, om te hanteer, vir verslag aan die volgende Sinodesitting.
- 5.11.12.3 Die Taakspan/Diensgroep ontmoet die opstellers van die beskrywingspunt om hulle daarvoor toe te lig.¹
- 5.11.12.4 Die Taakspan/Diensgroep behandel daarna die Beskrywingspunt en stel 'n verslag met aanbevelings op wat voor die Sinode dien.
- 5.11.12.5 Die verslae van die Sinode se Taakspan/Diensgroep wat die Beskrywingspunt vooraf hanteer het, is bedoel om die Sinode te help om *ingeligte en weldeurdagte* besluite te neem.
- 5.11.12.6 Die Sinode het die *verantwoordelikheid* om die verslae *deeglik te oorweeg* en kan ook die verslae wysig indien nodig.

¹ Die Taakspan / Diensgroep stel vas of die beskrywingspunt aan al die kerkordelike vereistes voldoen om as beskrywingspunt by die Sinode te dien (vgl. tyd, formaat en inhoud). Die riglyne soos hier uiteengesit word dan as riglyn gebruik.



- 5.11.12.7 Die Taakspan/Diensgroep stuur ook die oorspronklike Beskrywingspunt na die Sinodesitting vir kennisname.
- 5.11.12.8 *Tydens Sinodesittings* doen die tydelike kommissies aanbeveling oor Beskrywingspunte wat deur die Sinode of agendataakspan na hulle verwys is.
- 5.11.12.9 Die vergadering van Oostelike Sinode bespreek die aanbevelings volgens die gewone reëls van vergaderings, hanteer amendemente indien nodig en neem 'n besluit (*Reglement van Orde van die Algemene Sinode, Kerkorde 2019, Reglemente 4 en 8; Agenda en Handeling Oos-Transvaal 1991, bladsy 33-54, 300*).

Die proses kan as volg voorgestel word:

1.

Kerkraad stel 'n beskrywingspunt op en stuur dit na die Sinodale Diensraad.

2.

Die Sinodale Diensraad ontvang die beskrywingspunt en wys 'n Diensgroep aan om dit te hanteer.

4.

Die vergadering van Oostelike Sinode ontvang die aanbevelings van die Diensgroep en bespreek dit volgens die gewone reëls van vergaderings, hanteer amendemente indien nodig en neem 'n besluit.

3.

Die Diensgroep ontmoet die opstellers van die beskrywingspunt, behandel daarna die beskrywingspunt en stel 'n verslag op met aanbevelings wat voor die Sinode gaan dien.



BYLAAG 2: VERSOEKE VANAF DIE RINGE

Ring van Witbank

Uittreksel uit die notule van die Ringsdiensraad:

Datum: 25 November 2019

Hiermee versoek die Ringsdiensraad van die Ring van Witbank die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode om so gou moontlik 'n Buitengewone Sinodesitting vir Oostelike Sinode te reël.

Die Ringsdiensraad van Witbank het die saak bespreek met die leraars van die Ring van Witbank.

Die rede vir hierdie versoek is die algemene verwarring by lidmate van die NG Kerk na die besluite van die Algemene Sinode van 2019 ten opsigte van Selfdegeslagverbintenisse.

Die verwarring het volgens die Ringsdiensraad van Witbank grootliks te doen met Skrifverstaan en Skrifgesag binne die NG Kerk.

Vriendelike groete.

Skriba: Ds LPJ Cloete Lid: Ds AM Nel Voorsitter: Ds H Grobler

26 November 2019

Ring van Lydenburg

Op 22 Oktober het die Ringsdiensraad 'n elektroniese besluit geneem wat soos volg verwoord is:

Die Ringsdiensraad versoek die Sinodale Diensraad namens die Ring van Lydenburg om so spoedig moontlik 'n Buitengewone Sinodesitting van Oostelike Sinode byeen te roep om die besluit van die Algemene Sinode ten opsigte van Selfdegeslagverhoudings in bespreking te neem.

Groete in Christus.

Giepie Peens (Voorsitter)
29 November 2019

Johan Koen (Ondervoorsitter)



BYLAAG 3: BESLUIT OOSTELIKE SINODE 2016 OOR HOMOSEKSUALITEIT

5. SINODESITTING VAN 23 TOT 26 OKTOBER 2016

Tydens die SINODESITTING VAN 23 tot 26 OKTOBER 2016 is die saak weer op die Sinode se tafel geneem. 'n Gespreksdokument het voor die Sinode gedien wat gebaseer is op bogenoemde terugvoer en 'n aantal beskrywingspunte wat van gemeentes gekom het. Tydens die sitting het 'n aantal individue ook voorstelle ingedien. Dit alles is gekonsolideer en het voor die Sinode gedien. Die volgende besluite is goedgekeur en word nou as 'n beskrywingspunt na die Algemene Sinode deurgestuur:

- 5.1 Die Oostelike Sinode stuur die onderstaande besluite aan die Buitengewone sitting van die Algemene Sinode deur met die bewustheid dat daar nie in die Sinode eenstemmigheid hieroor is nie. In ons familie is daar ook ander standpunte en die Sinode wil duidelik ons waardes van eenheid te midde van diversiteit onderstreep.
- 5.2 Die Sinode bevestig die uitgangspunte, verklarings en besluite van 2003 en 2005 rakende homoseksualiteit en stuur dit na die Algemene Sinode.
- 5.3 Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die **besluit oor selfdegeslagverhoudinge te herroep** in die lig van die feit dat die vergadering nie getrou was aan 'n vorige besluit van 2004 [Algemene Sinode Besluiteregister 2004 p 428] om eers met gemeentes in gesprek te gaan voordat 'n sensitiewe besluit geneem word nie, en dat die besluite van 2007 en 2013 oor selfdegeslagverhoudings as die standpunt van die NG Kerk sal geld.
- 5.4 Die Sinode bevestig dat "**slegs die verbintenis van een man en een vrou as 'n huwelik beskou word**" (Algemene Sinode 2015) en dat "**dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie**" (Algemene Sinode 2013).

Die Sinode het besluit om die "verbintenis/verhouding" duideliker omskryf as 'n **huweliksverbintenis**, soos in die volledige 2013 besluit verwoord: "Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie."

- 5.5 Die Sinode versoek dat daar **herbesin moet word oor seks binne en buite die huwelik**. Daar blyk 'n dubbele standaard geskep te word tussen homo- en heteroseksuele predikante. Indien 'n burgerlike verbintenis nie 'n huwelik is nie (soos die 2015 besluit dit stel), val seks binne so 'n verbintenis of selfdegeslagverhouding buite die aanvaarbare grense wat die Sinode self gestel het op grond van Bybelse riglyne.



- 5.6 Die Sinode bevestig die oortuiging dat die Bybel **hoër morele eise aan leiers stel** (Jakobus 3:1) en soos wat dit neerslag vind in die Kerkorde. Daarom kan geen persoon wat in 'n saamwoon-verhouding of 'n "ander formele verbintenis / verhouding" (bv 'n burgerlike verbintenis) staan, as leraar dien of tot die bediening toegelaat word nie. Dieselfde seksueel-etiese vereistes wat aan ongetroude heteroseksuele predikante gestel word, word ook aan homoseksuele predikante gestel.
- 5.7 Kerkrade besluit self oor die vereistes waaraan **ander leiers** in die gemeente moet voldoen en vervat dit in 'n beleidsdokument.
- 5.8 Die Algemene Sinode word versoek om **beleidsbesluite oor pastorale kwessies** in die hande van gemeentes te los en nie beleidsbesluite hieroor te neem sonder konsultasie nie.
- 5.9 Die Algemene Sinode word versoek om **riglyne in verband met die pastorale versorging** van homoseksuele lidmate daar te stel sodat hierdie lidmate nie marginalisering, verwerping of veroordeling sal beleef nie.
- 5.10 Die Sinode versoek dat die gesprek oor die besluite van 2007 en 2013 sal voortgaan en nie uitgerangeer sal word nie.



BYLAAG 4: BESLUIT ALGEMENE SINODE 2019 OOR SELFDEGESLAGVERBINTENISSE



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

✉ 13528
HATFIELD, 0028, SA
☎ +27 (0)12 342 0092
📠 +27 (0)12 342 0380
gustavc@ngkerk.org.za

Die NG Kerk se Algemene Sinode is daartoe verbind om geloofsonderskeidend wysheid te vind oor moeilike etiese sake. Die Bybel, as die Woord van God, is die basis van ons nadenke oor ons identiteit en dissipelskap.

Na 'n lang en moeisame proses van studie, gesprek, luister en onderskeiding het die Sinode nou die volgende besluit oor selfdegeslagverhoudings geneem:

1. om die 2015-besluit van die Sinode op grond van prosedurele redes ter syde te stel;
2. dat

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is.
2. Die Sinode bely egter dat die eenheid van die kerk gefundeer is in 'n eenheid met Christus en die belydenisgrondslag, en dat hierdie eenheid nie verbroekel wanneer daar oor Skrifhantering en Skrifuitleg ten opsigte van hierdie saak verskil word nie, maar verryk en verdiep word.
3. Die Sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek.
4. Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan met die skep van gesprekruimtes vir gesonde geloofsonderskeidende gesprekke oor hierdie (en ander) teologies-etiese kwessies, en toe te sien dat:
 - 4.1 hierdie ruimtes inklusief en divers bly;
 - 4.2 nie oor ánder te praat nie, maar eerlik en broos vanuit die eie posisie, en
 - 4.3 daar werklik erns gemaak word met die Woord van God.
5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.+



6. Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan, om by die aanwysing van persone in die ampte, lidmate se:
 - 6.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
 - 6.2 toegang tot die sakramente,
 - 6.3 integriteit van verhoudings, en
 - 6.4 geskiktheid vir die spesifieke rol in ag te neem
 - 6.5 ongeag ras, geslag, klas of seksuele oriëntasie en -identiteit.
7. By die legitimasie van teologiese studente, moet die studente se:
 - 7.1 doop, belydenis, roeping, spiritualiteit en getuienis van leer en lewe,
 - 7.2 toegang tot die sakramente,
 - 7.3 integriteit van verhoudings, en
 - 7.4 teologiese- en bedieningsvorming in ag te neem, ongeag ras, geslag, klas, of seksuele oriëntasie en - identiteit.
8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
 - 8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
 - 8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
9. Die Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig. Ook dat daar 'n span saamgestel word wat elke streeksinode sal besoek om hierdie saak duidelik en deeglik deur te werk. Dit kan ons help om 'n ingeligte besluit te neem.
10. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om 'n formulier te ontwikkel vir die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag.
11. Die Algemene Sinode
 - 11.1 betreur dat die verloop van die debat en die besluite in die kerk die afgelope jare lidmate verwar en seergemaak het;
 - 11.2 vra gay-lidmate en hulle families wie se menswaardigheid wetend en onwetend misken is, uitdruklik om verskoning vir die pyn wat hulle in die kerk beleef het;
 - 11.3 verbind hom daartoe om in die gees van hierdie besluit ruimtes te skep vir gesprek waarin almal se menswaardigheid gerespekteer word.
 - 11.4 Die Algemene Sinode bedank gay-lidmate wat volgehou het met waagmoedige en konstruktiewe gesprekke in die kerk.
12. Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om voort te gaan met studie oor die huwelik en menslike seksualiteit met die oog op terugvoer aan die volgende sinode.

Die volgende besluite is saam met die bogenoemde besluit, steeds geldende besluite van die NG Kerk:

HUWELIK, PROMISKUÏTEIT EN SELFDEGESLAG VERHOUDINGS

Die AS 2007 het die volgende besluite bevestig:

1. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.



2. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
(uit Handeling AS 2007, pp 204-205, pte 12.2 en 12.3)

Die volgende aanbevelings is ook verder goedgekeur:

Die Algemene Sinode

1. bevestig dat vorige besluite insake homoseksualiteit, selfdegeslag verbintenisse en huwelike gewysig en/of vervang is met nuwe besluite;
2. bevestig dat vorige besluite oor die huwelik en promiskuiteit steeds die geldende besluite is;
3. versoek dat hierdie besluite volledig in die Kerkordeboek opgeneem word;
4. neem kennis dat besluite oor selfdegeslag verbintenisse vir gemeentes buite die RSA onderworpe is aan daardie land se wetgewing;
5. besluit dat hierdie verslag met die oog op persverklarings die boodskap is wat die Algemene Sinode aan die wêreld bekend sal maak as die huidige amptelike standpunt van die Algemene Sinode.

Die Algemene Sinode is daarvan bewus dat al hierdie besluite op verskillende maniere toepaslik is in die lande waarin ons gemeentes teenwoordig is.

Die Algemene Sinode onderneem om met behulp van 'n taakspan sinodes te ondersteun wanneer daar verder nagedink word oor die betekenis en waarde van die bostaande besluite. Die Sinode hoop dat die bostaande besluite lewegewende ruimte sal bied vir gelowiges met verskillende oortuigings oor die aangeleentheid.

Die vergadering van die Algemene Sinode het in 'n baie goeie gees plaasgevind. Die lede is daartoe verbind om die besluit oor Selfdegeslagverbintenisse ten volle te ondersteun.

Dr Gustav Claassen

Algemene Sekretaris / General Secretary

Nederduitse Gereformeerde Kerk / Dutch Reformed Church



BYLAAG 5: VERKLARING ALGEMENE SINODE MODERAMEN (ASM) OOR DIE 2019 SGV-BESLUIT

13 November 2019

Liewe broers en susters van Goudland Sinode

ANTWOORD VAN DIE ALGEMENE SINODE SE MODERAMEN (ASM).

'n Afvaardiging van die Sinode van Goudland het die ASM besoek tydens sy vergadering op 12 November 2019. Die besoek het gespruit uit die Sinode van Goudland se besluit om met die ASM in gesprek te tree oor die betekenis en implikasies van die Algemene Sinode 2019 se besluit oor selfdegeslagverbintnisse.

Ons spreek hiermee ons waardering uit vir die wysheid van die Sinode van Goudland om die Christelike weg van gesprek te volg, asook vir die waardigheid en openhartigheid waarmee die gesprek plaasgevind het.

Ons reageer ter inleiding graag soos volg:

- i. Ons aanvaar dat persone van die verskillende oortuigings en standpunte oor selfdegeslagverbintnisse erns maak met die Bybel as Woord van God.
- ii. Ons is oortuig dat persone van verskillende standpunte op grond van die evangelie ernstig is oor die menswaardigheid van alle mense.
- iii. Ons is oortuig dat ons juis almal saam op weg moet bly in ons voortgaande onderskeidingsproses oor God se wil vir menslike seksualiteit.

Ten aansien van die vrae wat deur die afvaardiging aan ons gestel is, reageer ons soos volg:

1. Die 2019-besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintnisse neem geen voorkeurstandpunt vir of teen selfdegeslagverbintnisse in nie.
2. Die 2019-besluit het die status van 'n beleidsraamwerk. Dit is nie voorskriftelik nie. Geen standpunt word dus op gemeentes afgedwing nie. Die inhoud van die beleid is juis dat 'n diversiteit van standpunte oor hierdie aangeleentheid moontlik is.
3. Kerkregtelik is dit moontlik vir gemeentes en sinodes om selfstandig beleidstandpunt in te neem oor aangeleenthede soos hierdie.



4. Die ASM wys ook op die besluit van die Algemene Sinode 2019 dat die huwelik as 'n verbintenis tussen een man en een vrou gehandhaaf word.
5. Die Algemene Sinode is daartoe verbind om nie die reg van leraars en kerkrade om nie selfdegeslagverbintenis te voltrek nie, te kompromiteer deur die Algemene Sinode se aansoek hieroor by Binnelandse Sake nie (Besluit 24 van 2019).
6. Kerkrade het die reg om arbeidsregtelik met hulle leraars ooreen te kom oor die vraag of selfdegeslagverbintenis plaaslik voltrek kan word.
7. Al die toepaslike notules wat verband hou met die beskrywingspunt oor selfdegeslagverbintenis wat by die Algemene Sinode gedien het, is ter insae beskikbaar. Die Algemene Taakspan Regte het die korrektheid van die prosedures ondersoek en geoordeel dat dit kerkregtelik in orde is.

Die ASM vertrou dat bostaande toeligting getuig van die respek en begrip wat die Algemene Sinode vir die plaaslike kerk het. Ons glo dat die Here ons roep om as kerkverband saam in Suider-Afrika die Koningskap van Christus te verkondig. Ons het Goudland Sinode en al ons ander sinodes nodig om as navolgers van Christus hierdie roeping te beliggaam en uit te leef.

Met waardering

Ds Nelis J van Rensburg
Namens die ASM



BYLAAG 6: ALGEMENE TAAKSPAN REGTE

INTERPRETASIE ALGEMENE SINODE SE BESLUIE OOR SELFDEGESLAG VERBINTENISSE 2019

Konteks van historiese verbintenisse van NG Kerk en 2019 besluite

1. Sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 het die Kerkorde bepaal dat: Die samestellende kerke/sinodes nooit hulle selfstandigheid prysgee in die vorming van 'n algemene sinodale verband nie. Dit beteken dat die samestellende sinodes selfstandige regsentiteite bly (vergelyk Artikel 36 asook Reglement 24 oor kerklike goedere).
2. Hierdie selfstandigheid word nog verder versterk deur Artikel 35 waarvolgens samestellende sinodes die mandaat het om, met inagneming van bepaalde voorwaardes die betrokke Sinode se belydenisgrondslag uit te brei (vergelyk artikel 35.7).
3. Verder word die taak en funksie van die Algemene Sinode gedefinieer in Artikel 43 asook in Reglement 1. Daarom moet alle besluite aan die hand van veral artikel 43.1.1 en 43.1.4 asook Reglement 1 punt 2.4 geïnterpreteer word.

Artikel 43.1.1

dit wat uitdrukking gee aan die kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;

Artikel 43.1.4

die viering van die kerk se onderlinge verbondenheid, eenheid en diversiteit;

Reglement 1.2.4

Die Algemene Sinode is nie 'n voorskriftelike Sinode nie.

Interpretasie van die Algemene Sinode 2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge

In die lig van bogenoemde staan dit dus sinodes vry om hul eie besluite hieroor te neem, onderhewig aan die voorwaarde dat kerkrade en predikante nie gedwing kan word om teen hulle gewete op te tree nie (vergelyk punt 5, 8 en 9 van die besluit van die Algemene Sinode 2019 oor selfdegeslagverhoudinge).

5. Die Algemene Sinode respekteer kerkrade se reg om geloofsonderskeidende gesprekke in hulle eie kontekste te voer en moedig kerkrade aan om deurdagte en verantwoordelike besluite te neem.

8. Die Algemene Sinode erken dat daar:

- 8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
- 8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

9. Die Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig.



1. Punte 5, 8 en 9 van die besluit impliseer die volgende vir plaaslike hantering:

- Kerkrade word juis aangemoedig om hieroor in eie konteks verantwoordelike besluite te neem.
- Kerkrade en predikante is nie onder enige dwang om enige van die twee standpunte uit te voer of te aanvaar nie. Sien punt 9 in die besluit.
- Die beleid van die Algemene Sinode word verwoord in punt 9 – *“om ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig”*. Hiermee bevestig die Algemene Sinode dat hy in hierdie saak nie voorskriftelik optree teenoor sinodes en kerkrade nie en word die mandaat om hieroor standpunt in te neem en dit in praktyk te implementeer, afgewentel na kerkrade.
- Dit beteken dat 'n kerkraad die reg het om self te besluit of persone in selfdegeslag-verbintenisse in die betrokke gemeente toegelaat word tot die amp of nie. Kerkrade het ook die reg om geen besluit hieroor te neem nie.
- Daarmee saam verkry kerkrade die reg om die bevestiging van burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag toe te laat, of nie toe te laat nie. Ook hieroor hoef kerkrade nie enige besluit te neem nie.
- Predikante word ook toegelaat om volgens hulle eie gewete selfdegeslag-verbintenisse te bevestig, of nie te bevestig nie.
- Dit beteken dat 'n predikant nie deur 'n kerkraad verplig kan word om volgens die kerkraad se oortuiging en of besluite op te tree nie.
- Eweso kan 'n predikant ook nie 'n kerkraad verplig om volgens sy/haar oortuiging op te tree nie. So byvoorbeeld kan 'n predikant wat so 'n Burgerlike Verbintenis wil voltrek, nie daarop aandring om dit te doen in die kerkgebou van 'n kerkraad wat anders besluit het nie.
- Die beginsel is dat die saak afgewentel is na die plaaslike kerkraad en die individuele predikant. (Vergelyk punt 8 en 9 van die besluit).
- Dit is belangrik om daarop te let dat 'n kerkraad nie verplig is om hieroor 'n besluit te neem of 'n standpunt te formuleer nie.

2. Ander besluite wat hiermee in verband staan

Die Algemene Sinode het ook die volgende standpunte herbevestig:

1. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
2. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuiteit ten sterkste veroordeel word.
3. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
(uit Handeling AS 2007, pp 204-205, pte 12.2 en 12.3)



3. Wetgewing en selfdegeslagverbintnisse

Kerkrade en predikante moet ook kennis neem van die bepalings van die Wet op Burgerlike verbintnisse (No 17 of 2006, Civil Union Act).

Die Wet bied beskerming aan predikante wat gewetensbesware het om selfdegeslagverbintnisse te voltrek.

No 17 of 2006, Civil Union Act

Marriage officer not compelled to solemnise civil union

6. marriage officer , other than a marriage officer referred to in section 5 may in writing inform the Minister that he or she objects on the ground of conscience, religion and belief to solemnising a civil union between persons of the same sex, whereupon that marriage officer shall not be compelled to solemnise such civil union

Dit blyk dus dat predikante (wat die behoefte het) beskerming ontvang wat volgens die Wet die Minister skriftelik inlig dat hy/sy nie burgerlike verbintnisse op grond van geloofsoortuigings wil voltrek nie.



4. VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE AMPTENAAR RAKENDE DIE GOEDKEURING VAN FAMILIEREËLS 2021

- 4.1 Die Kerkregdiensgroep is verantwoordelik vir die Familiereëls. Die diensgroep het baie ure spandeer om verbeterings, korreksies en toevoegings te maak.

Die resultaat is 'n Familiereëls wat vir vandag se omstandighede relevant is en die gebruikers daarvan die nodige inligting gee.

- 4.2 Die goedkeuring van die Familiereëls was 'n uitdaging gegewe die feit dat die Sinode nie kon vergader nie. Die Kerkregdiensgroep het advies by regsgeleerdes oor alternatiewe wyses van goedkeuring ingewin. Die resultaat was dat die Sinodale Diensraad goedgekeur het dat die konsep weergawe aan gemeentes gestuur is met die versoek dat kerkrade dit sal deurgaen en en terugvoer sal gee oor die kerkraad se goedkeuring al dan nie.

- 4.3 Die beginsel wat hier geld is dieselfde as by die beroep van 'n leraar of verkiesing van 'n kerkradslid: approbasie by wyse van stilswye.

- 4.4 Elf gemeentes het hulle goedkeuring gegee vir die Familiereëls. Een gemeente het aangedui dat hulle dit nie goedkeur nie en het die Sinodale Diensraad gevra om dit na die Kerkregdiensgroep terug te verwys.

- 4.5 Die Uitvoerende Amptenaar het aan die Kerkregkundige kennis gegee van die uitkoms van die approbasie-proses.

- 4.6 Die Familiereëls is op die webwerf van Oostelike Sinode gepubliseer en vanaf 1 September 2021 van krag.

4.7 Aanbeveling:

Die Sinode kondoneer die proses wat gevolg is met die approbasie van Familiereëls 2021 en bevestig dat Familiereëls 2021 vanaf 1 September 2021 die geldige dokument is.